CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

MAART 2006

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
Bulletinrooster	René van Zyl	ZS1VR	021-9762057
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	0738533100
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Regsake	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Geleentheidskoordineerder	Simon Snyman	ZR1SIM	082 8013897

KLUBBULLETINS

Tyd:	Sondae om 7:45 en 20:30.
Frekwensies:	3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 25 Maart 2006 om 11:00 by die Brandvleidam naby Worcester. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis-vure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is ‘n beskrywing om by die vergadering uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Pakket:	ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
E-pos:	ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA
Posadres:	CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

Snaaks is nou nie meer snaaks nie! Ek bedoel natuurlik al hierdie kragonderbrekings wat ons hier in die Wes-Kaap getref het.

Een positiewe uitkoms van die onderbrekings was om darem op die lug te hoor hoeveel van BARK se lede is ingerig om tydens kragonderbrekings op die lug te wees. Van batterye met "inverters" tot kragopwekkers wat die hele buurt wakker hou! Dit was amper asof daar meer gesels word tydens die kragonderbrekings.

'n Datum om beslis aan te teken is die 13de Mei. Dit is die dag waarop die "Radio Tegnologie in Aksie" in die Wes Kaap aangebied word. Hierdie aanbieding belooof om vir almal iets interessants te bied. Die geleentheid sal plaasvind by die Universiteit van Stellenbosch. Meer inligting sal metter tyd op die bulletins en d.m.v. pakket-radio versprei word. Bring soveel moontlik van u vriende en mede amateurs saam.

Op die 8 ste April vind die SARL se AJV plaas. Hierdie jaar is Durban Amateurradio-klub die gasheer. Ek, Henry ZS1AAZ en Deon ZS1ZL sal die vergadering bywoon. Die vergadering behoort redelik rustig te verloop aangesien daar geen omstrede mosies is wat ingedien is nie. Ek hoor ook 'n voëltjie fluit dat volgende jaar se ledegeld nie drasties gaan verhoog nie. In rieële terme beteken dit eintlik dat daar 'n verlaging in ledegeld is!

Ek vertrou dat hierdie goeie nuus sal maak dat meer van BARK se lede ook by die SARL aansluit.

Groete van hok tot hok

Rassie, ZS1YT

REDAKSIONEEL

Die eerste uitgawe van 2006! Hierdie uitgawe was so bietjie moeilikker aangesien die bydraes maar skraps was. Dankie vir Smittie vir sy bydrae. As daar bydraes is wat u vir my gestuur het en ek dit nie gepubliseer het nie vra ek om verskoning. My e-pos van die afgelope paar maande lê op twee verskillende rekenaars, so ek kon dalk ‘n bydrae gemis het. Laat weet my asb net. Ek hoop u vind hierdie uitgawe interessant. Indien nie, stuur vir my berigte. Enige nuus. Een lyn of drie A5 bladsye, maak nie saak nie.

Tot die volgende uitgawe....

Johan, ZS1RX

QRM OP DIE KORTGOLFBANDE.

Deur Smittie, ZS1AK

Ek herlei Sondae die bulletin van BARK op 7094 in die veertig meter band. Vir die afgelope drie jaar is kondisies baie swak en kan slegs die ver stasies gehoor word. Gevolglik kom stasies van Windhoek, Johannesburg en Durban S9 in, waar naby stasies of nie gehoor kan word nie of baie swak is.

So ongeveer vyf maande gelede (Junie/Julie) het 'n geraas van S8 op die 40 meter band skielik opgekom, wat die swakker stasies geheel en al uitblokkeer het. Dit het geklink soos 'n swak wisselstroom konneksie wat oorvonk.

Eers het ek en Okkie, ZS1OS dit maar verduur, want dit het aan en af gegaan en dus die opsporing daarvan bemoeilik.

Een sondag was dit vir meer as drie ure pal aan en het ons besluit om daarna te soek. Gewapen met my Kenwood TS430s in die vuurwa het ons deur die dorp gery en 'n blok uitgewys waar die sein die sterkste is. Deur die hele dorp was die seinsterkte 'n S5 in die vuurwa, maar rondom die spesifieke blok was dit 'n S7. Omdat ons op hierdie manier nie die kring kleiner kon trek nie, het ons besluit om maar eers die pas te markeer.

Die geraas het ons egter uitgedaag en wel op so 'n manier dat dit onuithoudbaar geraak het, omdat dit so 90% van die dag ons getreiter het. Toe kry ons 'n gewone "outydse" draagbare radio en sit die soektog tevoet voort. Hierdie radio het net 'n volume kontrole en 'n teleskopiese antenna waaraan jy kan stel. Ons het die oppervlakte verklein tot 4 huise! Die een was 'n motorhawe, twee privaat wonings net langsaan en die outomatiese telefoon sentrale oorkant die straat.

Tot dusver het ons redelik onopsigtelik opgetree, maar nou raak die radio te groot, want dit was een van hierdie soort met twee bandspelers om musiek oor te dra van een band na 'n ander en is nogal redelik swaar ook, want dit bevat 8 van die groot flits batterye (R20up). Ons was bevrees dat as ons met die reuse ontvanger rondstap, die skuldige snuf in die neus sou kry en die bron van die geraas wegsteek.

Toe tref die geluk ons, want onsbekom toe 'n klein Sony digitale ontvangertjie met 'n rf wins en 'n skakelaar vir "dx" of "local" ontvangs. Hierdie radiotjie kon ons toe so terugstel dat ons geen sein ontvang waar ons dit voorheen met die grote nog duidelik kon hoor.

Op hierdie manier het ons toe die posisie van die bron in een huis bepaal.

Omdat dit natuurlik 'n sensitiewe saak is, moet 'n mens verkieslik baie versigtig en diplomaties optree, veral as dit nog 'n kwaai weduwee is by wie die lawaai veroorsaak word. Toe ek so om die hoek van die huis loop, ontmoet ek en die einste weduwee mekaar tromp op! Ek skrik my natuurlik uit my geloof uit, maar gelukkig "smile" sy darem en vra wat ek soek.

Toe verduidelik ek haar dat ek na 'n

geraas op die radio en tv soek. Ja, u lees reg, ek sleep toe sommer tv ook in, want dit sal mos darem gewig aan my saak gee! Op hierdie punt, trek ek die antenna van die ontvanger heeltemal uit en stel die RF vol oop. Toe raas dit, asof daar 'n oorlog op klein skaal aan die plaasvind is. Dis toe dat ek my kans waarneem en vir haar sê; " maar terwyl ons nou so praat, kan ek nie maar in jou huis kom kyk nie, want dis 'n foutiewe apparaat wat sulke geraas maak en dit sal nou kos om van huis tot huis te gaan en elke apparaat aan en af te skakel tot die foutiewe een gekry is." wonder bo wonder willig sy toe in.

Ek het my visier op 'n yskas ingestel en beweeg sommer reguit daarheen. Maar o wee, dis nie die yskas nie. Gevra wat se apparate sy nog het, was die antwoord ; "net 'n stoof en 'n mikrogolf." al hierdie goed is egter afgeskakel. Ek beweeg toe weer uit buitekant toe en bemerk op 'n seker plek dat die radiotjie uitmekaar wou spring, so sterk is die geraas! Daar is egter net 'n staal konstruksie waarop die dak rus, maar geen elektriese apparaat nie!

Dis mos toe dat ek voor die tv verby loop en die monster weer kliphard grom. Die tante skrik groot, want sy sien al hoe gooi ek die tv by die deur uit!

Professionele mense het vir haar die volgende installeer, nl. Die tv, video masjien, 'n DSTV dekodeerder, 'n gewone tv rigstraler, 'n skottel antenna en 'n inlyn versterker. Waarvoor die versterker, weet ek nie, want niemand het dit hier nodig nie.

Die ontvangertjie staan en grom nou so 'n entjie weg en die apparate word nou een vir een van die krag ontkoppel. Laaste kom die inlyn versterker aan die beurt en walla, stil is die geraas!

Die "professionele" ou het die kabel afgewerk met verskriklike lang kaal punte en die skroefies nie behoorlik

vasgedraai nie. Gevolglik het die skermdraad van die kabel losgekom en nie meer kontak gemaak nie. Omdat hierdie tipe versterkers ononderbroke aangeskakel staan het dit die lawaai veroorsaak, dag en nag. Nodeloos om te sê, nadat die amateur ou die konneksies korter afgemaak het, behoorlik vasgedraai het, is die geraas stil sedertdien.

Maar wie sou nou kon raai dat so 'n eenvoudige apparaatjie so 'n lawaai kon veroorsaak?

KOM ONS GESELS TEGNIES

MAAK 'N KRISTALTOETSER

Deur Johan ZS1RX

Dikwels wonder 'n mens of die kristal wat hy gebruik werk of stukkend is. Soms is daar 'n paar kristalle wat erens in die laai lê, maar u is nie seker of die kristalle nog werk nie. Hier is 'n eenvoudige stroombaantjie om sulke kristalle te toets



Die transistor en die komponente rondom hom maak 'n ossillator. Indien die kristal nog werk is daar 'n sinusgolf uitset by die 33pF kapasitor. Hierdie uitset word met die 100uA meter gemeet.

Hierdie stroombaan is maklik om te bou en kan gedurende 'n middag gebou word

Bou dit en geniet dit!

BAYCOM EN XP

Deur Johan, ZS1RX

So met die tyd saam wil almal van ons maar ons rekenaars en rekenaarstelsels opgradeer. Ongelukkig is daar nog nie drywers geskryf vir Baycom om te werk saam met XP nie. As u dis 'n Baycom modem gebruik en opgradeer na XP sal u modem nie meer werk nie. Indien u dit wel regkry hoor ek baie graag van u.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 25 MAART 2006

Deur Johan, ZS1RX

Hier is die kaart wat u tot by die klubhuis van die bootklub sal bring. Die kaart is verskaf deur Jo, ZS1AAB. **Hy versoek dat u stoele saambring**.



Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler en 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

Sien u daar.

KOMMUNIKASIEDAG 4 MAART

Deur Johan, ZS1RX

Saterdag 4 Maart was verklaar as 'n kommunikasie dag vir die jeug. Die uwe was deur Oom Vossie Voortrekker Kommando in Bellville genader om 'n amateurstasie by die Taalmonument in die Paarl op te sit.

Hennie, ZR1JR besig om die stasie te bedryf terwyl 'n paar Voortrekkers en ouers toekyk. Agter is 'n banier wat Hennie gemaak het vir die geleentheid.

Saterdag-oggend vroeg vertrek ek, die Lv Andre (die kok), en Hennie ZR1JR na die Taalmonument. Dit is 'n pragtige dag in die Boland en sommer gou begin dit warm word. Die weerburo voorspel 40 grade vir die dag.

Om 9 uur is die "Gazebo" opgeslaan, die omgekeerde V staangemaak en die Icom 751 reg vir gesels.

André sorg vir die kos.

Na die tweede CQ maak ons kontak met afdeling 6 stasies en gesels met hulle tot ons 12 uur die stasie afskakel. Ons maak ook kontak met Gautengse Voortrekkers en die twee groepe Voortrekkers gesels lekker met mekaar.

Ek het ook twee heliograwe saamgeneem en vir die kinders demonstrasies gegee hoe dit werk. Die belangstelling in die heliograwe was groot. Nie net by die kinders nie maar ook by die

ouers. Die Voortrekker groep was so ± 80. Terwyl ek besig was met aanbiedings het Hennie die stasie beman en André en die LV het gesorg dat die inwendige mens versterk bly.

Die ontvangs was deurgaans goed, en die sein rapporte net so bevredigend.

Fotos van die dag se verrigting is beskikbaar by: www.voortrekkers.virafrikaans.com

Dankie aan Hennie, André en die LV en ook aan Rassie, ZS1YT vir die help met die relings en René, ZS1VR wat altyd 'n staatmaker is om by te staan.

Hopelik het ons 'n paar saadjies gesaai wat oor 'n paar jaar kan ontkiem en 'n amateur of twee kan word.

Voor is die Voortrekkertjies besig met die heliograwe. Agter is die stasie, met Tafelberg in die agtergrond.

CQ CQ CQ DIT IS .....(Die junior van Rassie, ZS1YT en Daleen besig om te doen wat sy pa doen)

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 10 DESEMBER 2005

Deur Johan, ZS1RX

Die laaste vergadering van 2005. Die vergadering vind plaas op die plaas Slot van die Paarl by die huis van Dalene en Olivier van Staden. Rassie, ZS1YT en Karl, ZS1KC sorg dat ons deur die amptelikke notule werk.

Na die vergadering arriveer Kersvader! Nie op ‘n slee nie, maar op een van Olivier se plaas-bakkies. En Ou Kêrel Clyde, ZS1CS het verdwyn.....

Kersvader deel sy pakkies uit en van jonk tot oud is besig om naarstelik pakkies oop te maak.

Daarna begin die braai en sommer lekker gesels. Weereens ‘n “vergadering” soos net die BARKers kan doen.

Die volgende 65 persone het die teenwoordigheidslys geteken. Daar was 16 persone wat vir die eerste keer by ‘n BARK vergadering was.

AMBROSE, TOM ZS1TA
AUCAMP, JOHAN ZS1GP
AUCAMP, LEE ZS1LY
BASSON, ABE ZS1OZ
BLAKE, MIKE ZS1E
CANITZ, KARL ZS1KC
CANITZ, WALTER ZR1W
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
COETZEE, RAOUL ZS1REC
CONRADIE, PHILIP ZS1CON
DA SILVA, FRED ZS1ZV
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1FDV
DE WIT, CHRIS ZS1CK
DEMAIO, GENE ZS1GI
DEMAIO, JOSE ZS1CJ
DRY, E.J. ZR1EJD
DU PLESIS, DOEPIE ZS1HK
EKSTEEN, FRED ZR1KAT
ELLIS, ANDRE
ERASMUS, DELEEN
ERASMUS, GERHARD
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
ERASMUS, SANÉ
ERWIN, DEON ZS1ZL
FOURIE, THYS ZR1WV

GAGIANO, EDDIE ZS1EG
GUERRA, SAELA
HAARHOF, JO ZS1AAB
HAARHOFF, RINA
HANNELIE COETZEE
HYMAN, CLYDE ZS1CS
HYMAN, ERIN
HYMAN, LYNDA
HYMAN, SHARON
JENDRISSEK, PETER ZS1JX
KEANLY, PETER ZS1W
KORKIE, LEON ZS1MM
LE ROUX, JOHAN ZS1RX
LE ROUX, JOHANNES ZR1RF
LOMBARD, WESSEL ZR1WL
MARAIS, RIAAN ZR1KL
MccARTHY, ROGER ZR1RRM
McEWEN, TONY ZR1T
MCKENZIE, CAROL
NOTHLING, HANS ZS1WZ
OPPERMAN, FREDA
OPPERMAN, OPPIE ZS1OP
OSMAN, SHARIEF ZR1SSB
PANSEGROW, PHIL ZS1PAN
REYNOLDS, COEN ZR1AAK
SIMON, ETIENNE ZS1HQ
SMIT, SMITTIE ZS1AK
SNYMAN, SIMON ZR1SIM
TOXOPEUS, HENK ZS1ACD
TOXOPEUS, MARGARETA
TYLER, BERNARD ZS4CW
VAN EDEN, HANNES
VAN RHYN, WILLIE ZS1RV
VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
VAN WYK, JAN ZR1JO
VAN ZYL, ANDRE ZS1AV
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VICTOR, LEON ZR1LEO

Dit gebeur mos gereeld dat as jy ‘n transistor wil gebruik, dat jy nie seker is van watter been is watter been nie. Hier is ‘n gids tot sommige van die transistors

Die uitleg van die 555 geintegreerde stroombaan vergeet? So lyk dit!





Transistor leads for some common case styles.

INTERNATIONALE RUIMTE STASIE (ISS)

Deur Johan, ZS1RX

Seker die bekendste sateliet is ISS. ISS staan vir International Space Station. Baie amateurs is nie met die maan gepla nie maar wel met sateliete. Dink maar aan die pragtige beelde wat ons direk van die NOAA sateliete kan aflaai, of die ure wat ons kan kyk na die MET 7 beelde wat 24 uur vanaf die Eskom toring in Bellville uitgesaai word. Wonder of die beelde steeds uitgesaai word gedurende die kragonderbrekings in die Wes-Kaap.

Nou een aand kom vriend Phil, ZS1PAN hier aan met ‘n klompie informasie van ISS wat hy op pakket raakgeloop het.

ISS is op 20 November 1998 gelanseer. Tans is ekspedisie span 12 aanboord. Die leier is William McArthur wat ook ‘n radio amateur is met die roepsein van KC5ACR. Die ander lid van die span is Valery Tokarev.

ISS van binne

Hier volg informasie aangaaande ISS:

Pakket op frekwensie: 145.990 MHz

Pakket af Frekwensie: 145.800 MHz

Streek 1 spraak op frekwensie: 145.200 MHz FM

Streek 2 en 3 spraak op frekwensie 144.490 MHz FM

Wêreldwye af frekwensie: 145.800 MHz FM

Herhaler op frekwensie: 437.800 MHz FM

Herhaler af frekwensie 145.800 MHz FM

Russiese roepseine: RS0ISS en RZ3DZR

Amerikaanse roepsein: NA1SS

Pakket Posbus: RS0ISS-11

Pakket sleutelbord: RS0ISS-3

Amptelikke web-werf: http://www.rac.ca/ariss

Ek maak gebruik van die program Wxtrack om ISS te volg. Dit is nogal indrukwekkend as u op die rekenaar kyk wanneer ISS sigbaar is en as u dan vir u vriende sê dat ISS gaan nou daar verskyn en in daardie rigting oorkom en dit gebeur so.



ISS is baie sigbaar as gevolg van sy grote. Ongelukkig kan u ISS net vroegaand en net voor son-op sien aangesien die sateliet baie naby aan die aarde is en gou in die aarde se skaduwee verdwyn.

ZS0HER AFGESKAKEL

Deur Johan, ZS1RX

Op 27 Februarie stuur Tim, ZS1TGH vir my ‘n E-pos om my mee te deel dat die Overberg Amateurradio Klub besluit het om ZS0HER, die Pakketstasie in die Overberg af te skakel. Tim was vir jare die “sysop” van ZS0HER.

Dit is ‘n groot jammerte dat ons aan hierdie kant van die berg nie meer met die lede aan die anderkant van die berg met pakket kan gesels nie.

Wie weet dalk is daar weer eendag iemand wat bereid sal wees om daar ‘n BBS op te sit.

SUITSAT-1

Deur Johan, ZS1RX

Dit lyk vir my of ons in hierdie uitgawe in die ruimte bly. Suitsat is ‘n Orlon Russiese ruimtepak wat op 3 Februarie gelanseer is vanaf ISS. Suitsat word geborg deur ARISS (Amateur Radio on the International Space Station)

SUITSAT is ‘n Orlon Russiese ruimtepak

Suitsat het ‘n amateur radio aanboord en het vir sy kortstondige omwentelinge om die aarde boodskappe in verskeie tale uitgesaai. Die doel van Suitsat was om leerders (dit is nou vandag se kinders) geinteresseerd te kry in wetenskap. Daar is ook ‘n CD aanboort met 300 prente wat bymekaar gemaak is by skole en opvoedkundige instansies regoor die wêreld.

BARK FOTOALBUM

Rodger, ZR1RRM

Wessel, ZR1WL

Doepie, ZS1HK

Lynda die LV van
Clyde, ZS1CS

Walter, ZR1W

Etienne, ZS1HQ

Van:

Boland Amateurradio klub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601